

28 September

Eksodus 2: 1 -10

(Teks: 2:1-3) 'n Geloof wat betoon en bekroon is

Toe Moses gebore is, was dit 'n gevaarlike tyd. Om die vermeerdering van die Israeliete te verhoed, het die farao van Egipte beveel dat elke pasgebore seuntjie in die Nyl gegooi moes word. By die geboorte het die ouers iets besonders in hulle kind gesien. Moses was so buitengewoon mooi (Hebr 11:23) dat sy ouers van mening was dat God hierdie kind op 'n besondere wyse in sy diens wou gebruik. En daarom kon hulle, in die krag van die geloof, die farao se gebod oortree en hulle kind drie maande lank weggesteek.

Na drie maande kon Moses nie meer weggesteek word nie. En daarom besluit sy moeder, Jogebed, om haar kindjie in God se hand oor te gee. Noag moes, op God se bevel, "n ark bou. Nou ja, waarom kan sy nie dieselfde doen nie? 'n Biesiemandjie, wat met klei en pik dig gemaak is, word die ark vir haar kind. En daarin word Moses neergelê en tussen die riete aan die kant van die Nyl geplaas.

Soos die geloof van Jogebed werksaam was, moet ons geloof ook werksaam wees. Geloofsvertroue op God sluit nie ons menslike werksaamheid uit nie. Die geloof beplan, werk hard en stry met alle mag.

Maar as ons as gelowiges alles gedoen het wat ons moet doen, kom daar ook die oomblik dat ons vir die uitkoms rustig op die Here moet wag. So het Jogebed gedoen. En God het haar geloof bekroon! Die dogter van die farao het Moses gered.

Sing Psalm 91:1 en 2

Dr. CJ. Malan (Emeritus)